Stella straat

1 Petrus 1:1-9

Opgewek



Tuisadoramus 19 April 2020

Liewe Adoramusvriende,

Dis vandag die eerste Sondag na die Opstandingsfees. Ek nooi jou om tuis alleen, of saam met een of meer wat dieselfde wil doen, tyd opsy te sit om die volgende "Adoramusdiens" in stilte te doen.

Doen eers die tegniese:

- Stel vas hoe jy die twee stukke musiek gaan luister waarna ek verwys. Sorg dat jy goeie klank kan hoor deur oorfone of so iets te gebruik.
- Slaan ook solank lied 521 in jou *Liedboek* na.

1. Luister hoe die Mormoonse Tabernakelkoor *"I know that my Redeemer lives"* sing.
   Webadres: https://www.youtube.com/watch?v=bcpPilfcQHQ

2. Staan stil by die volgende gedig van Tom Gouws:

   In die lente van my drie-en-dertigste jaar
   Keer ek versigtig terug na die leë grot
   Ongewoond aan die donker soek my oë
   na die slapende Seun van God

   Vir die liggaam wat gebreek in bloed gestol
   op kliptafels lê, bring ek bewoë 'n salf van spesery
   Hom wil ek saggies met trane en woorde was
   En toevou in die weefsels van my sagste sy.

   Binne aarsel die intieme reuk van dit wat bederf,
   In my groei swart stilte amper onuithoudbaar.
   Dan hoor ek Hy sê my naam, soos vir een wat sterf.

In die grot staan ek verblind voor Hom, nat en naak.
In die lente van my drie-en -dertigste jaar
Voel ek hoe Hy versigtig aan my raak.

3. Kom ons gaan na 'n Skrifgedeelte wat hierdie week wêreldwyd deur miljoene gelees word. Ek het dit effens verkort uit die nuwe *Direkte Vertaling* vir jou gebruik. Die skuinsskrif is ook van my. Dis om jou te help om raak te sien waarna ons kan oplet.

1 Petrus 1:1-9

Lofwaardig is die God en Vader van ons Here Jesus Christus. Dit is Hy wat ons in sy groot ontferming, deur die opstanding van Jesus Christus uit die dood, opnuut *opgewek het sodat ons 'n lewende hoop* mag hê op 'n erfenis wat nooit vergaan, besmet word of verwelk nie …

Jubel hieroor, al moes julle tot nou toe vir 'n kort tydjie deur *allerhande beproewings bedroef* word. Die doel was dat dit duidelik sou blyk dat die *egtheid van julle geloof* (bewys word).

Julle het Christus lief, al het julle Hom nie gesien nie; en al sien julle Hom nie nou nie, glo julle in Hom en *jubel* julle met 'n *onuitspreeklike en heerlike blydskap*, omdat julle *reeds deel* het aan die doel van julle geloof, naamlik die verlossing van julle siele**.**

4. Kyk weer om die volgende daarin raak te sien:
    a. Wat is die aard van God se liefde vir ons? Die woord "liefde" dra soveel betekenisskakerings. God se liefde vir ons is in die eerste plek sy *ontferming*, medelye, "compassion" met ons in ons klein menslikheid. Petrus skryf aan mense wat deur *beproewings* gaan, en God voel saam met hulle.
    b. Soos Jesus word ons ook *opgewek* tot 'n nuwe lewe.

c. Ons nuwe lewe bestaan onder andere daarin dat ons leef met 'n *lewende hoop* op die ewige rykdomme wat ons erf.
d. Ons *deel* nou *reeds* in daardie skatte.
e. Die gevolg is dat ons te midde van *beproewings* wat ons bedroef onder in ons hart 'n *onuitspreeklike en heerlike blydskap* beleef. Dié blydskap bewys die *egtheid* van ons *geloof.*

5. Petrus wil die blydskap in sy lesers se hart wakker maak. Word ons bly as ons sy woorde oordink? Miskien kan die volgende woorde jou help om nader aan jou emosies te beweeg:

   Wat 'n vreugde!
   God kyk met sagte oë na ons en het Jesus se opstanding vir ons gegee.
   Jesus het die bres geslaan en ons het weggekom na 'n nuwe lewe.
   Ons word gedra deur 'n lewende hoop op wat vir ons voorlê.
   Groot dinge wag op ons, en word nou reeds ons deel.
   Ons is vuurvas in hierdie brandende wêreld.
   God het ons opgewek en nou leef ons opgewek
   met 'n onuitspreeklike blydskap.

6. Jy kan lank mediteer oor elkeen van die vyf punte by nommer 4 tot dit diep in jou hart nesskop.

7. Maak lied 521:1-2 jou gebed, en voeg daarby wat jy wil.

8. Luister na die enigste musiekwerk waarvoor mense opstaan terwyl dit speel:

   Handel se Hallelujakoor. Gaan saam met die emosie.
   Kry dit by https://www.youtube.com/watch?v=IUZEtVbJT5c

9. Staan stil by die volgende gedig:

Opstandingsdag (Sheila Cussons)

Hoe haas die voet hoe gloei die bloed
hoe hardloop hulle want dis alles waar
hoe hardloop hulle soos hy beloof het
hoe hardloop hulle Hom tegemoet

10. Maak die volgende jou slotgebed:

Magtige Vader, gee tog dat die *nuwe lewe* van u Seun se opstanding deur die werking van u Gees al meer oorneem in elkeen van ons se *ou lewe*. Amen.

Vrede en blydskap vir jou nou,
Willem